

SONDAGOGGEND 29 AUGUSTUS 2021

Jesus se gebed vir ons

Johannes 17:6-12

“Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord ter harte geneem. 7 Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom; 8 want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee. Hulle het dit aangeneem en tot die oortuiging gekom dat Ek waarlik van U gekom het, en hulle het geglo dat U My gestuur het. 9 “Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir dié wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. 10 Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik. 11 Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. “Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees. 12 Toe Ek by hulle was, het Ek hulle in u Naam bewaar, die Naam wat U My gegee het. Ek het hulle beskerm, en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die een wat verlore moet gaan sodat die Skrif vervul kan word.

Soos julle weet is ons besig om na Jesus se afskeidsboodskap voor Sy dood te luister. Dis opgeteken in Johannes 13-16. Nou nadat Jesus Sy dissipels moed ingepaat het en gesê het dat hulle sal nie alleen gelaat word nie, want Hy gaan vir hulle die Gees van God gee om by hulle te wees en Hy sal hulle leer en lei in die Woord, dan bid Hy.

So paar jaar terug het ons die hele jaar spandeer om deur die Storie te werk. Dit is die Bybel in storie vorm. Dit het my lewe regtig aangeraak. Daar is het ons geleer van:

The Upper Story – God se storie

The Lower Story – Mense in die Bybel

Ons Storie

The “Upper Story” vertel die verhaal van God. Wie God is en hoe Hy met mense omgaan. Die “Lower Story” vertel van God se interaksie met die mens van die Bybel. Adam en Eva, Moses, die dissipels ens. Maar omdat God se Woord lewend en kragtig en onveranderlik en onverganklik is, is dit ook God se storie met ons. Ons lees die Woord en dan glo ons dat God deur “die Storie/Bybel, met ons praat.

In hierdie gebed maak Jesus 'n amazing venster oop op die "Upper Story" van God en hoe Jesus bid vir die dissipels in die "lower story," en hoe dit betekenis kry vir ons en ons storie met God.

The Upper Story

Kom ons kyk so bietjie na wat ons verlede week gehoor het.

Johannes 17:1

Nadat Jesus dit gesê het, het Hy na die hemel toe opgekyk en gesê: "Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik.

Die tyd het gekom. Jesus sê daardeur dat die tyd van Sy dood nou gekom het. Hierdie tyd is een of ander tyd in die "Upper Story" deur die Drie-Enige God beplan. Jesus noem dit die tyd van verheerliking van Hom en van Vader. Die tyd het gekom sê Jesus dat "*My glorious greatness*" herstel moet word" sodat Hy deur die oorwinning aan die kruis, God se "glorious greatness" kan vertoon, sodat die wêreld sal weet wie God is. Dan verwys Jesus verder wat in die "Upper Story" besig is om te gebeur.

Johannes 17:2

U het Hom (Jesus) immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee.

Dit is in die "Upper Story" besluit dat Jesus volmag, alle outoriteit, oor die mensdom het en dat Hy die wat God aan Hom gee, die wat glo in die verlossing van Jesus, die ewige lewe kan gee. Dit staan onveranderlik oor die eeue vas. God Drie-enig het in die "Upper Story" so besluit.

En nou gaan Jesus aan en sê wat in die "Upper Story" besluit is aangaande die ewige lewe.

Johannes 17:3

En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.

Dit is die wonderlikste nuus uit raadsaal van hemel. Dat die wat in die “lower story” die enigste ware God, en Jesus Christus ken, die ewige lewe by God sal beleef. Daardie oomblik, daar sekonde wat ek en jy wat soos ek glo in die verlossing van Jesus, gebeur daar so baie:

- Ons sondes van die hede, verlede en toekoms word uitgevee en ons word skoon, rein voor God verklaar.
- In daardie sekonde word ons weergebore en is ons nou kinders van God.
- In daardie sekonde ontvang ons wat weergebore is, die Heilige Gees om binne in ons te kom woon, wat ons Trooster, en ons leermeester is. Hy leer ons alles aangaande Jesus en God.
- In daardie sekonde ontvang ons die ewige lewe.
- En die sekonde daarna ontvang ons het vrye toegang tot God en kan Hom nou ons Vader noem.
- En nog meer.

Die wonderlikste sekonde in my lewe was moontlik gemaak toe God Drie-Enig in die “Upper Story” besluit het dat in my storie dit so sal wees.

En dan praat Jesus verder oor die “Upper Story” en Sy terugkeer na Sy hemelse posisie, waar Hy veral die rol van tussenganger vir God se kinders vertolk.

Johannes 17:4-5

Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen. 5 Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het.”

Sien asseblief raak wie Jesus is en was en sal wees. Van voor die wêreld se bestaan in die “Upper Story” was Jesus en is Hy verheerlik en dis waar Hy nou is.

Nou gaan Jesus se gebed en praat Hy vanuit die “lower story” waar Hy nou as mens Sy werk doen met Vader in die “Upper Story.”

Johannes 17:6 en 8

“Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee,

die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee.

Dit is as te ware of Jesus terug rapporteer vanaf die "lower story" na Vader in die "Upper Story." Ons weet dit is nie nodig nie, want God weet alles, maar Jesus bid hierdie gebed hardop sodat Sy dissipels dit ook kan hoor. Saam met hulle leer ek sommer ietsie oor gebed. Mense sê dikwels dat dit nie nodig is om te bid nie, want God weet alles. Partykeer praat hulle weer asof hulle dink God weet nie wat aangaan nie. Maar ten spyte van die feit dat God alles weet, nooi Hy mense in die "lower story" baie keer uit om te bid en te vra en te vertel.

Hierdie is 'n wonderlike storie. Jesus bid spesiaal vir die 11 manne wat daar by Hom staan of sit. Jesus vertel vir God dat die manne wat God vir Hom in die "lower story" gegee het, hulle wat aan Hom behoort, aan hulle het Hy die Woorde van God gegee.

En wat leer dit vir ons in ons storie, dat ons op grond van ons geloof in Jesus aan God behoort, ons is Syne En omdat ons Syne is gee Jesus vir ons die kosbare geskenk, God se Woorde. Hierdie boek is nie gegee om stof op te gaan nie. Dis God se storie met mense, in die laer storie. Dit vertel van genade, en liefde en goedheid, en vrede en getrouheid en so baie meer. Dis 'n boek wat lewe as jy dit lees, want dit is God se Woorde. Ook vir ons het Vader deur Jesus God se Woorde gegee.

Lower Story

Dwarsdeur die gebed is God se storie met die laer storie van die dissipels op die aarde deurvleg. Hoor hoe reageer die dissipels toe God se storie met hulle laer storie ontmoet.

Gehoorsaamheid

Johannes 17:6 en 8

Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord ter harte geneem.

want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee. Hulle het dit aangeneem en tot die oortuiging gekom dat Ek waarlik van U gekom het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.

Dis as te ware asof Jesus sê: *“Ek het My werk kom doen.”* Hy het aan die mense die Naam van God, bekend kom maak. Hy het vir hulle redding in die Naam van God kom verkondig.

En nou sê Jesus, *“die mense wat U my gegee het, hierdie dissipels, hulle het dit geglo.”* En nou leer ons wat geloof regtig beteken, dit beteken gehoorsaamheid. Geloof in God is totaal anders as jou geloof of vertrou in iets anders. Jy vertrou die stoel waarop jy sit, maar jy is nie gehoorsaam aan die stoel nie. Maar wanneer jy bely dat ek glo in God die Vader, Skepper van die hemel en die aarde en in Sy Eniggebore Seun, wat uit die maagd Maria gebore is, gekruisig en gesterf het en opgestaan het en hemel toe gevaar het en weer sal kom en in die Heilige Gees, dan beteken dit net sowel ek is gehoorsaam aan Hom.

Geloof, liefde en hoop loop alles uit op gehoorsaamheid. En dit is wat Jesus nou bid. *“Hierdie mense het U Woorde deur My ter harte geneem.”*

Nou julle kan sekerlik ook die vraag vra soos ek dit gevra het. Regtig? Serious? Het hulle U dan nie, net 'n paar uur hierna heeltemal verlaat nie? Ons het tog hulle *“flaws,”* sonde, foute, arrogansie, ens gesien in die Bybel?

Dis die amazing waarheid aangaande Jesus. Hy kyk nie vas in my en jou sondes en *“flaws”* en uitbarstings nie, Hy sien die potensiaal raak. Net soos die dissipels se geloof baie keer swak was, is myne en dalk joune ook soms swak. Ons twyfel soms gaan God ons regtig help, of soms of God regtig is. Maar wat vir ons storie hier op aarde belangrik is, is gehoorsaamheid aan God se Woord sal ons swak geloof laat groei.

Dis asof Jesus sê, *“Ek het hulle toewyding en “commitment,”* raak gesien het.” Dis asof Jesus vir my en jou ook bid, bid dat ons God se Woorde ter harte sal neem. Jesus weet dat ek en jy en ander gelowiges, voor en na ons en die dissipels soms sukkel om te glo en gehoorsaam te wees. Hoor wat doen Hy.

Bid vir hulle/ons

Johannes 17:9-10

“Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir dié wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. 10 Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik.

Hoor wat gebeur in die "Upper Story." Jesus praat met Vader, en dan sê "Hy op hierdie oomblik is my fokus op hierdie manne wat U my gegee het." Ek sou hulle nie gekies het nie. Ongeleerde manne, verloënaars en rugstekers. Maar God het hulle gekies en vir Jesus gegee.

En dan gebeur hierdie wonderlike gesprek tussen Jesus en Vader. Waarom bid Hy vir hulle? Omdat hulle God s'n is. En omdat hulle God s'n is, is hulle vir Jesus ongelooflik belangrik. "Almal" sê Jesus "wat aan God behoort, behoort ook aan My." Ongelooflike "close" verhouding tussen Jesus en Vader. Joune is myne en myne is joune. En hoekom bid Hy nog vir hulle? Want hulle verheerlik Hom. Deur hulle sal die wêreld Jesus se glorious greatness sien.

Ons sien hoe Jesus in die "Upper Story" met Vader praat oor die dissipels in hulle "lower story," maar wat van ons?

Johannes 17:20-21

Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. 21 Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees.

Ongelooflike gedagte. Eeue terug, ure voor Jesus se dood, fokus Hy nie op Sy nood nie, maar op die nood van Sy dissipels en van Sy volgelinge deur die eeue daarna. Nog nooit het iemand kragtiger en groter vir my en vir jou gebid nie. Jesus gee om vir hulle wat Syne en God s'n is.

En wat bid Hy vir hulle en vir ons? Ons weet dat Hy bid vir een wees met mekaar en veral een wees met God. Dit bedoel om in eenheid in gees, siel en liggaam met God se Gees ooreenstem. Wat bid Hy nog?

Johannes 17:11-12

Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. "Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees. 12 Toe Ek by hulle was, het Ek hulle in u Naam bewaar, die Naam wat U My gegee het. Ek het hulle beskerm, en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die een wat verlore moet gaan sodat die Skrif vervul kan word.

Ek hoor die deernis in Sy stem. Hy sê as te ware vir Vader dat as Hy soos God besluit het moet teruggaan en Sy posisie herstel sal word, sal Hy nie meer hier kan wees nie. Dan leef Hy weer net in die "Upper Story." Maar hulle, Sy dissipels en ons Sy volgelinge, bly in die wêreld agter, hier waar die "lower story" gebeur en hier gaan allerhande dinge met hulle en met ons gebeur. Vervolging, siekte, dood, maar Jesus bid "*bewaar hulle in U Naam.*"

Jou lewe is 'n warboel van dinge. Partykeer weet jy nie waar om te vat of te los nie. "*It never rains, it pours.*" Dink jou in, hoe hulle lewe op daardie oomblik was. Die wonderlikste man wat nog ooit op aarde geleef het en sal leef, gaan binne minute hierna gevang word en doodgemaak word. Hulle emosies was seker op en af en hulle angs vlakke was "sky high." Dan hoor hulle hoe Jesus by Vader vir hulle pleit.

Niks het verander nie. Jesus bid ook so vir ons en die dinge wat ons lewe goed kom deurmekaar maak. Siekte, dood, verlies, finansies, werk, ens. Hy bid vir ons wat een met Vader en Hom is, vir ons beskerming en bewaring.

Die Griekse woord kan so vertaal word.

to carefully take care of

to keep one in the state in which he is

Jesus bid dat Vader ons as te ware soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerk beskerm, Vader, Jesus se dissipels en Sy volgelinge daarna veilig onder Sy beskerming moet hou. En waarteen Hy veral hê Vader moet ons beskerm, is die bose. Die bose het slinkse planne vir jou en my.

Johannes 17:15

Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bese moet bewaar.

Ek weet nie wat in jou laer storie aangaan nie, ek ken net myne. En wat ek weet Jesus bid vir my en jy moet glo ook vir jou by ons Vader. En veral bid Hy dat ons nie sal oorgee aan die bose nie, maar dat ons sal vasklou aan Hom.

Romeine 8:33-35, 37-39

Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. 34 Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons. 35 Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of

vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? 36 Daar staan immers geskrywe: "Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word." 37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. 38 Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte 39 of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Ek sluit af

- In hierdie gebed sien ons mooi hoe die "Upper Story" van God en die "lower story" van Jesus se dissipels en ons storie inmekaar geweef word.
- Jesus bid dat Vader Hom sal herstel in Sy glorious greatness, sodat Hy met Goddelike gesag vir hulle wat in die verlossing van Jesus glo, die ewige lewe mag gee.
- Hy bid dat hulle wat tot geloof in Hom as Verlosser, die Seun van God, gekom het, graag vir God, die enigste ware God, beter wil leer ken. En dan intiem te leer ken.
- Hy bid dat hulle wat in Hom glo, gehoorsaam sal wees aan die Woord en dat hulle wie Sy Naam ken, goeie draers van Sy Naam sal wees.
- Hy bid en sê dat hulle wat in Hom glo, die wat God Hom gegee het, is Syne en daarom ook God s'n. Amazing gedagte. Jy is gevat, jy behoort aan die grootste Koning van alle konings.
- En Hy kyk uit vir jou, daarom bid Jesus dat Vader sy dissipels en ons Sy volgelingen sal beskerm en bewaar, en dan veral sal bewaar van die bose.

God se "Upper Story" en my en jou storie het nog nie geëindig nie. Niks kan ons skei van die liefde van Christus Jesus nie. Jesus bid vir Syne, jy en ek wat glo. Gehoorsaamheid is nie net 'n uitdrukking van ons geloof nie, maar ook 'n uitdrukking van ons liefde vir God. Hoe wys jy jou liefde vir God? Is dit 'n gevoel of is dit 'n daad? Liefde is 'n abstrakte gedagte? As 'n "alien" nou hier sal opdaag en dit hoor ons praat van liefde, en dit vra ons wat is liefde? Hoe verduidelik jy dit? Ek sal dit wys deur iets liefdevol vir iemand of vir dit te doen.

Johannes 14:15

As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer.

If you love me, you will obey what I command.

Dis so wonderlike gebed wat Jesus hier vir ons gebid het, ons reaksie op Jesus se gebed behoort te wees, vir so 'n God, wat sê "*ek is syne,*" sal ek graag wil luister en gehoorsaam wees en lief hê en van vertel. En dit verheerlik vir Jesus en vir Vader, deur jou en my se geloof, gehoorsaamheid en liefde verheerlik ons Vader en Seun en dis moontlik deur die Heilige Gees. Jou gehoorsaamheid en liefde vir God, vertoon Sy glorious greatness aan 'n wêreld wat honger en dors is na God.

Hierdie gebed raak my hart aan en ek hoop dit raak ook jou hart aan.